

Ontmoeting 6

Paulus se brief aan die Romeine

Kinders leer hoe om saam te werk

Teks: Romeine 3:23; Romeine 14:3 en 21; Romeine 15:7

Hulpmiddels:

- Koerantpapier
- Stoele
- Slakkie die Posslak: Slakkie gaan in elkeen van die volgende boekie se ontmoetings gebruik word. Dit is dus die moeite werd om spesiale aandag hieraan te gee. Ons gee 2 moontlikhede:
h Leidster of 'n kind wat hou van toneelspel kan die slak wees. As julle nie 'n kostuum kan kry nie, gebruik 'n boks, versier dit en maak dit op die kind se rug vas. Twee langerige pypskoonmakers met 'n balletjie op elk kan op 'n kopband vasgemaak word om Slakkie se voelers te wees.
OF Maak h slak handpop. Slakkie kan dan die briewe in sy bek vir die leidster bring. Die maklikste handpop is om die prente aan die einde van hierdie ontmoeting te kopieer en dan op h bruinpapiersak se voorkant te plak. (Sien foto.) Nog h moontlikheid is om h ou sokkie te verander in h handpop. Gebruik die foto as inspirasie. Of dalk is daar kreatiewe tannies in jou gemeente wat h slak-handpop kan brei of hekel!
- Oupa Pietie Preekstoel se briewe in kleurvolle koeverte
- Briefie vir werskaf
- Papier en penne
- Roomys-stokkies en koki's



Welkom

Speletjie 1: Koerantpapier oorlog: Plaas 'n ry stoele in die middel van die vertrek. Strooi ewe veel koerantpapier aan beide kante. Verdeel die kinders in twee groepe. (Gebruik 'n maklike metode om hulle te verdeel deur iets te kies wat min of meer 'n gelyke verdeling teweeg sal bring. Mens kan verjaarsdagmaande gebruik of almal met lang hare in een groep en die met kort hare in die ander. Iets soos die tipe klere wat hulle aanhet of die kleurskema van hul klere kan ook werk.) Hulle kry nou 2 minute om te kyk wie kan sy kant skoon kry deur dit oor die stoele na die ander span se kant toe te gooi. Stop met 'n duidelike teken na twee minute en kyk dan watter span het die minste papier aan hulle kant.

Speletjie 2: Stom telefoontjie: Die kinders sit in 'n kring. Almal se oë moet toe wees. Jy raak aan die kind wat langs jou sit en wys 'n gebaar. (Maak dit prettig deur 'n snaakse gesig te trek.)

Die kind raak aan die volgende kind en herhaal die gebaar. Almal moet met toe oë wag vir hulle beurt. Op die ou end vergelyk julle die eindgebaar met die oorspronklike.



Wyding

Stilword-ritueel: “Die Here het belowe dat niks my van sy liefde kan skei nie. Nie dood of lewe, engele of magte, dinge wat nou gebeur of dinge wat nog gaan gebeur of kragte of hoogte of diepte of enige iets anders in die skepping nie. Ek glo dit, Here.” (Romeine 8:38,39)



Woord

Ons speel die volgende om te illustreer dat ons nie onself kan red nie. Romeine 3:23-24

Stel vir Slakkie die Posslak voor. Dit het hom lank geneem om by Kix uit te kom, maar hy is nou uiteindelik hier! Hy bring vir ons pos.

BRIEF 1

Liewe Kix-kindere

Ek het gehoor van julle. Ek het gehoor julle is lief vir Jesus. Julle ken my nie, maar ek is iemand wat die Bybel goed ken. Ek hou veral van die briewe aan die gemeentes. Ek wil kindere help om ook opgewonde te wees oor die briewe in die Bybel.

Ek is Pietie Preekstoel. Ek is al 85 jaar oud. Die Bybel lê elke dag voor my en ek hoor wat die dominees uit die Bybel lees. Daar was 'n man met die naam Paulus. Ken julle hom? Hy het aan gelowiges geskryf wat in verskillende plekke in die wêreld gewoon het. Ek het al Paulus se briewe aan die gemeentes goed leer ken en wil vir julle daarvan vertel.

Die Kix-tannie het vir my gesê dat julle vandag 'n speletjie gaan speel waarin julle gaan probeer om van 'n klomp koerante ontslae te raak. Ek wonder wat het daar gebeur?

(Laat die kindere vertel hoe die speletjie verloop het en gebruik die gebeure om die teks te verduidelik. Jy kan die koerantpapier as simbool vir sonde gebruik. Dit is moeilik om daarvan ontslae te raak en jy "gooi" dit uiteindelik op iemand anders.)

Dit het my laat dink aan wat in die Bybel staan. Kyk in julle Bybels en lees Romeine 3:23-24.

Daar sal julle hoor dat dit onmoontlik is vir enige mens om sonder sonde te wees. Maar kan julle hoor wat is die oplossing? Wat het God gedoen om ons uit ons sonde te help?

Bespreek saam met julle leidster die verse en dan sal julle weer van my hoor.

Groete tot later.

Pietie Preekstoel

Hindernisbaan

Stel h roete met 6 hindernisse op. Plak nou op elke hindernis h opmerking:

- Ons lyk nie almal eenders nie.
- Ons praat nie almal dieselfde taal nie.
- Ons is nie ewe slim nie.
- Ons is nie ewe vinnig nie.
- Party is ryker as ander.
- Elkeen se familie is anders.

Slakkie: "Hier is nog h brief." (Brief 2)

BRIEF 2

Hello Kix'ers

As ek nie so oud was nie, het ek vandag saam met julle gespeel. Ek hou van hindernisbane. Julle speletjie het my laat onthou dat, toe ek h kind was, ek lelik was met ander klein preekstoel. Ek het nie daarvan gehou as hulle 'n ander taal gepraat het nie. Sjoer, hoe skaam kry ek nou vir myself.

In Romeine 14:13 staan iets oor hindernisse. Kyk of julle dit kan agterkom. Vers 21b sal julle ook help.

Hou moed en onthou om nie vir maats om jou die lewe moeilik te maak nie. Romeine 15:7 sê ons moet mekaar aanvaar, soos Jesus Christus ons aanvaar het.

Tot weersiens, Pietie Preekstoel

Die kinders moet mekaar nou help om deur die hindernisbaan te kom. Verdeel in 2 spanne en laat hulle afsonderlik deurgaan. Hou tyd en wys die wenspan aan deur die tye te vergelyk. Bespreek die ervaring.

Wat het gebeur?

Wat sal julle doen om dit h tweede keer makliker reg te kry?

Dink weer aan die name van die hindernisse. Ek wonder watter “hindernis” is vir jou vandag die grootste. Watter van die sake maak dat jy nie ander kinders kan of wil aanvaar nie?

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoekom mense vir mekaar die lewe moeilik maak.
2. Ek wonder hoe ek sal weet dat ek vir iemand die lewe moeilik maak.



Werskaf

- Lees hierdie brief van 'n kind wat graag deel wil wees van 'n Kix-groep.

Liewe Kix-groep

My naam is Lee Chang. Ek woon naby die kerk en sien hoe lekker julle speel. Ek het nie maats nie. My Afrikaans is sleg. My pa is kwaai en my ma is ook kwaai. Ek wil by julle kom speel. Ek weet van Jesus en is lief vir Jesus. My pa sê Chinese kinders mag nie by julle speel nie. Help my. Ek is alleen.

Gee vir elke kind h potlood en papier en skryf h brief vir Lee Chang. Verduidelik vir hom dat julle hom sal aanvaar soos julle vandag geleer het.

- Skryf die “hindernisse” op roomys-stokkies en bou dan h klein hindernisbaan in h skinkbord vol sand.
- Skryf jou “hindernis” op h blaadjie. Niemand sien wat jy skryf nie. Vou dit toe. Skryf dan buite op: “Jesus aanvaar my”. Bêre iewers waar net jy dit weer gaan kry en gaan onthou dat niks jou van Jesus se liefde sal skei nie.

Sluit af met die seënbede

(Almal hou hande vas in h kring; die kinders herhaal agter die aanbieder aan.)

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons. Dankie, Heer, vir die maatjies langs ons. Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons. Amen



